basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## 2019

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
   | AFDELING B: | Opsomming | (10) |
   | AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**'N KOELKOP MET EMPATIE**

1 Imtiaz Sooliman, Gift of the Givers. Dié stigter en dié organisasie werk met net een doel voor oë: om mense se lot met deernis te verlig.

2 Hy noem homself 'n rampspoedtoeris, sê dr. Imtiaz Sooliman toe ons op 'n somersdag in die Tuine in Kaapstad ontmoet. Hy sit rustig en gesels.

3 Imtiaz praat vinnig, gedrewe. In sy jeug was hy ergerlik oor onregverdigheid. "Ons moes persele ontruim, is verkleineer en as student aan die Universiteit van KwaZulu-Natal, waar ek in medisyne studeer het, was ek wrewelrig teenoor die regering."

4 Maar toe verander sy lewe op 6 Augustus 1992. Hy was op besoek in Istanboel, Turkye, en het 'n gebedsessie vir alle denominasies bygewoon. 'n Spirituele onderwyser het in sy oë gekyk en gesê: "My seun, in jou siel sien ek iemand wat mense wil help." Wat dit merkwaardig maak, is dat hy nie Turks, en die spirituele onderwyser, Zorah, nie Engels verstaan het nie, onthou Imtiaz. "Ons het 'n geestelike taal gedeel," verduidelik hy. "Die man het gesê: 'Ek vra jou nie, maar beveel jou om die organisasie, Gift of the Givers, te stig en om mense van alle rasse en gelowe, kleure en politieke oortuigings van oor die wêreld onvoorwaardelik te dien.' Dié opdrag het my lewe verander."

5 Reeds vir 25 jaar is hy aan die stuur van een van die wêreld se bekendste humanitêre organisasies, Gift of the Givers. Daar waar die nood groot en oorweldigend is – in Sirië se burgeroorlog, in Jemen ná ontvoerings, in die Kaap en Karoo waar waternood mense tot stilstand dwing, in die Suid-Kaap toe wegholveldbrande alles vernietig het, in Mosambiek tydens droogtes – dáár werk Imtiaz en sy span gekwalifiseerde helpers.

6 Enigiemand kan vir Gift of the Givers werk, "mits jy deernis het, hoogs gekwalifiseerd is en onder druk kan werk". Die organisasie bedryf 21 projekte wat wissel van traumaberading, voeding, behuising tot mediese bystand tydens rampe. Hulle onderhandel ook vir die vrylating van ontvoerdes.

7 Imtiaz se deernis vir mense het kleintyd begin. Twee mense het daartoe bygedra dat hy 'n mediese dokter geword het: sy pa en sy ma. "My pa was 'n winkeleienaar. Hy het dikwels die skuld van sy klante afgeskryf." Sy ma, by wie hy en sy twee susters grootgeword het, het 'n werkverskaffingsburo gehad. "Sy het geglo mense wat werk, is bemagtig."

8 Om mense se lot te verlig, is sy lewenstaak. Dís wat hom dryf. Maar om dit te doen, mag hy nooit emosioneel betrokke raak nie. Hy kan dit nie bekostig nie, want dan verloor hy fokus. "Jy moet die groter prentjie sien, en nie almal kry dit reg nie."

9 Hy noem die voorbeeld van die joernalis, Suna Venter, wat soms gesukkel het om emosioneel onbetrokke te bly. Suna was een van die SAUK-8 wat afgedank is nadat hulle beswaar gemaak het teen die SAUK-besluit dat werklike nuusgebeure, die waarheid, verswyg moes word. Sy was baie betrokke by Gift of the Givers en was saam op sendings na Libië, Gaza, Egipte en Sirië voordat sy verlede jaar dood is.

10 "Suna was 'n wonderlike mens," sê Imtiaz. "Sy het soveel vrae vir slagoffers gevra. Mense was gek na haar, maar sy was té betrokke. Ná sendings het sy kontak met slagoffers behou. Hoewel dit haar enigste strewe was om die waarheid te ontbloot, het haar betrokkenheid by slagoffers soms haar werk beïnvloed – sy kon nie onbetrokke bly nie; sy kon soms nie die groter prentjie sien nie."

11 Wat doen Gift of the Givers? Sedert hulle ontstaan het hulle al hulp van R2,5 miljard in 42 lande verleen. Hieronder tel die R20 miljoen, volgens hul bankstate, wat die organisasie in 2017 tydens die verwoestende Knysnabrande aan die Tuinroete bygedra het as een van hul grootste plaaslike projekte tot op hede. Midde-in die vernietigende droogte het Imtiaz en sy span onlangs landwyd R40 miljoen se veevoer aan boere versprei.

12 Sy kinders verstaan die eise wat sy werk stel. "Hulle weet ek moet baie reis om mense te help, gevolglik leer hulle van jongs af hoe belangrik deernis is. Dit is moeilik om die begrip *deernis* vir hulle te omskryf: hulle sién wel dat dit 'n gevoel is, maar dat dit ook optrede verg."

13 Imtiaz se sukses met Gift of the Givers kan toegeskryf word aan sy kalmte, geduld en energie. "Ons verdeel in spanne van tussen dertig en sestig dokters, na gelang van die projek. Soms sien ons 7 000 pasiënte per week en werk soggens van ses tot middernag. Hierdie medici is emosioneel sterk en word vooraf gewaarsku dat hulle tydens hulle werksaamhede in gevaarsituasies kan sterf. Selfs sterk mense het ongelukkig 'n beperkte uithouvermoë: wanneer hulle langer as tien dae aaneen werk, loop hulle die gevaar om uit te brand."


14 Hy bly verstom dat mense in die haglikste omstandighede waardig, hoflik en dankbaar bly. "Hulle het dikwels groter vrede as mense wat té gemaklik leef."

15 Imtiaz se lewe vul hom daagliks met groot dankbaarheid. Vir hierdie deernisvolle koelkop is dit 'n voorreg om mense te help.

[Verwerk uit *Sarie,* Maart 2018]

## TEKS B: VISUELE TEKS

1 **ONDERSTEUN DIE *STRYD* TEEN MENSEHANDEL**



2 Raak betrokke by die stryd teen mensehandel en help VKSA om kinders huis toe te bring.

3 **Skenk vandag jou R25 deur middel van 'n SMS aan die VKSA-nommer: 41006 en**
4 **bewys só jou omgee en meelewing teenoor die verlore kinders.**

5 **ANDER MANIERE OM BETROKKE TE RAAK:**

BORG 'N SALARIS
DIREKTE DEPOSITO
MYVILLAGE KAART
VRYWILLIGER OF SKENKING

**VERLORE KINDERS SUID-AFRIKA**

NPO 067 095/ PBO 930 034 181

Verlore Kinders SA

@072verlore

e-pos: info@verlorekinders.org.za

Noodnommer: 072 647 7464/
www.verlorekinders.org.za

[Verwerk uit *Goeie huishouding*, Maart 2018]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Watter verskil maak Imtiaz se lewe, volgens paragraaf 1, aan menselewens? (1)

1.2 Op watter TWEE maniere weerspreek Sooliman se werk as volwassene sy ervarings toe hy jonk was? (2)

1.3 Aan wie skryf Sooliman die stigting van Gift of the Givers toe? Waarom is sy ontmoeting met dié persoon merkwaardig? (2)

1.4 Watter VIER aspekte diskwalifiseer jou vir werk by Gift of the Givers? (4)

1.5 Herlees paragraaf 2 en 5.

In paragraaf 2 noem Sooliman homself 'n "rampspoedtoeris".

Gee DRIE voorbeelde van sy werk uit paragraaf 5 wat aan hierdie beskrywing voldoen. (3)

1.6 Waarom is dit, na jou mening, soms vir kinders moeilik om deernis aan te leer? Was Sooliman se ouers positiewe rolmodelle met betrekking tot deernis? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

1.7 Dink jy dit is vir werkers van Gift of the Givers moontlik om emosioneel onbetrokke te bly wanneer hulle mense in nood help? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Herlees paragraaf 9 en 10.

Watter vereiste het Suna Venter aan die werk wat sy gedoen het, gestel? Watter TWEE eienskappe van Suna het haar werk by Gift of the Givers negatief beïnvloed? (3)

1.9 Waarom is die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 11 'n feit? (1)

1.10 Watter waarde het Sooliman se werk vir sy kinders? (1)

1.11 Is dit, volgens jou, billik om van die Gift of the Givers-personeel te verwag om vir tien dae aaneen te werk? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

1.12 Waarom, dink jy, is dit ironies dat mense wat in haglike omstandighede leef groter vrede ervaar as mense wat gemaklik leef? (1)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Gee 'n rede waarom die skrif in reël 1 nie deurgaans dieselfde is nie. (1)

1.14 Is die gebruik van hierdie spesifieke foto effektief om die boodskap van dié advertensie oor te dra? (1)

1.15 Watter DRIE opeenvolgende woorde in reëls 1 tot 4 sluit by die simbool van die hart in die advertensie aan? Is dit geslaagd dat die advertensie die hartsimbool herhaal? Motiveer jou antwoord. (2)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.16 Herlees die onderstreepte gedeelte in paragraaf 6 van TEKS A en reël 2 van TEKS B.

Wat het die werksaamhede van Gift of the Givers en Verlore Kinders Suid-Afrika gemeen? Noem TWEE sake. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke om meer in 'n dag gedoen te kry.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**KRY HEELWAT MEER UIT JOU DAG!**

Neem jy jou gereeld voor om meer uit elke dag te kry, maar jy hol steeds besete rond om huis, werk en sosiale verpligtinge te laat vlot? Kundiges sê deur meer te probeer doen, kry ons minder reg.

Lauren de Witt, 'n bestuursafrigter wat in tydsbestuur spesialiseer, glo jy moet eers bepaal wat jy tans met jou tyd doen sodat jy weet waarmee jy jou tyd mors; dán eers kan jy dit voorkom. Daarna beplan jy jou dag. "Ons het almal net 24 uur per dag; deur die regte beplanning van prioriteite-altyd-eerste kan jy die beste uit elke dag haal," is haar raad. Dit sal voorkom dat jy met take wag totdat die kalf in die put is: deeglike beplanning sal jou in staat stel om al jou werk georganiseerd, en betyds klaar te kry. Swak beplanning lei tot paniek en aframmeling van werk, wat in elk geval nie verantwoordelik is nie.

As jy boonop heeltyd alles alleen probeer doen, gaan jy beslis faal. Delegeer van jou werk – met die regte mense wat take namens jou doen, wen jy baie tyd. Hoekom wíl jy alles alleen baasraak?

Dit is belangrik om die vloei van jou energie so te gebruik dat jy take wat aan mekaar verwant is, tegelykertyd kan afhandel. As jy na een kind se leesles luister, terwyl jy 'n ander met 'n opstel help, val dit binne dieselfde raamwerk. Op dié manier wen jy 'n paar minute tyd!

Baken die tyd wat jy aan 'n taak kan afstaan, af. Anders sal jy heeldag besig bly met 'n eenvoudige taak, byvoorbeeld om kamer skoon te maak. Gee jy jou net twee uur vir die taak, dwing dit jou om binne die vasgestelde tyd klaar te kry. En bêre jou selfoon! Navorsing toon dat een onderbreking van 'n twiet, sms of e-pos byna vyf-en-twintig minute van jou tyd steel. Dís hoe lank dit jou neem om weer op die taak waarmee jy besig was, te fokus!

Dis sinvol om met planne te eksperimenteer sodat jy tyd wen, byvoorbeeld deur die klere wat jy die volgende dag wil aantrek, die vorige aand reg te sit.

Soms is dit klein goedjies wat jou tyd opslurp.

[Verwerk uit *rooi rose*, April 2018]


**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




1 Geniet 'n oomblik van *saligheid*

2 Laat jou weerstand wegsmelt met die Lindor-eier, met 'n vulsel
3 só sag jy sal dit nie kan weerstaan nie. Dit is bederf uit die
4 (3.4) … rakke en eenvoudig té spesiaal om te deel – die
5 ideale <u>sjokolade-eier</u> om vir ander weg te steek.
6 LINDOR, met liefde gemaak deur die LINDT-meestersjokolateur.
7 Passie en liefde vir sjokolade sedert 1845.
8 Vir jóú om te geniet.



9 Vind meer uit by: www.lindt.com

Volg ons Lindt @lindtsa en @lindtsa

[Verwerk uit *kookenkuier*, Maart 2018]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Gee die meervoud van die onderstreepte woord in reël 1. (1)

3.2 "Laat jou weerstand wegsmelt met die Lindor-eier ..." (reël 2).

Wat wil die adverteerder met die gebruik van hierdie sinsdeel bereik? (1)

3.3 Gebruik die deeltjiewerkwoord/skeibare werkwoord in reël 2 as twee woorde in 'n sin van jou eie. (1)

3.4 Voltooi die vaste uitdrukking in reëls 3 tot 4 deur die ontbrekende woord neer te skryf. (1)

3.5 Waarom word die aandagstreep in reël 4 gebruik? (1)

3.6 Gebruik die kern van die onderstreepte woord in reël 5 as 'n bepaler in 'n ander samestelling in 'n verduidelikende sin. (1)

3.7 Gee EEN woord vir iemand wat van lekker eet hou. (1)

3.8 Met watter TWEE sinsdele (bestaande uit twee opeenvolgende woorde elk) uit reëls 2 tot 5 beklemtoon die adverteerder die Lindor-eier se heerlikheid asook die gesogtheid daarvan onderskeidelik? (2)

3.9 Voeg 'n bywoordelike bepaling van tyd in reël 8 in. Skryf die sin oor en onderstreep die bepaling. (1)
**[10]**

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Rapport*, 11 Maart 2018]

**VRAE: TEKS E**

4.1 By watter woord in RAAMPIE 1 kan nasalering en vokalisering/nasalering plaasvind? (1)

4.2 Hoe ondersteun die spreker (die seun aan die regterkant) se lyftaal sy woorde in RAAMPIE 1? (1)

4.3 Verbeter die spelfout in RAAMPIE 2 deur die woord korrek neer te skryf. (1)

4.4 Skryf die leenwoord wat in RAAMPIE 4 gebruik word, neer. (1)

4.5 Bestudeer RAAMPIE 5.

Waarom kan die onderstreepte sin as 'n aanname beskou word? Op watter wyse ondersteun die visuele voorstelling dié aanname? (2)

4.6 In RAAMPIE 6 word die woord "beoordeel" gebruik. Maak 'n sin waarin jy die woord **veroordeel** gebruik. (1)

4.7 Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in RAAMPIE 8. (1)

4.8 Herskryf die onderstreepte sin in RAAMPIE 9 in die aanvoegende wyse. (1)

4.9 Gebruik die homoniem van "As" (RAAMPIE 9) in 'n verduidelikende sin. (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**HOE MEER JY LEES, HOE MINDER IS JOU KANS OM TRONK TOE TE GAAN**

1 Neil Gaiman, 'n berugte skrywer en spreker, het op 'n keer New York, waar 'n span tegnici in die proses was om 'n tronk te beplan, besoek. (5.2) Die tronkbestuur moes 'n formule vind om te bepaal hoeveel selle oor 15 jaar in die tronk nodig sou wees. (5.3) **Daar is op 'n eenvoudige formule besluit:** die aantal selle is bepaal deur vas te stel hoeveel 10- en 11-jariges in daardie stadium nie kon lees nie!

2 'n Onlangse nasionale studie dui daarop dat 85% van alle gevangenes in tronke ongeletterd is. Volgens die webtuiste www.beginlees.co.za sal twee derdes van leerders wat teen graad vier nie kan (5.4) lees nie, in die tronk eindig. Statistiek toon ook dat sulke gevangenes wat vrygelaat word, 'n 70%-kans het om weer in die tronk te beland indien hulle in die tronk/elders geen hulp met hul leesvaardighede ontvang nie.

3 Geletterdheid is tans die belangrikste vaardigheid in ons samelewing. Lees en skryf vorm immers deel van ons alledaagse verpligtinge. Ons lewens vereis dat ons daagliks e-posse moet stuur. Ons moet ook skriftelike inligting verwerk. Wanneer mense nie nie kan lees nie, wend hulle hulle dikwels tot misdaad en beland in tronke.

4 "Ons toekoms hang daarom van lees, biblioteke en boeke af," het Gaiman gesê. (5.8) "Biblioteke wat vandag toemaak, het dieselfde effek op 'n land as wat die staking van inentingsprogramme het: selfvernietiging."

5 Dit is belangrik om deesdae goeie leesgewoontes by kinders te kweek omdat dit die belangrikste belegging in hul toekoms is!

[Verwerk uit https://helpendehand.co.za]

**VRAE: TEKS F**

5.1 Skryf die versamelnaam wat in paragraaf 1 gebruik word, neer. (1)

5.2 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 1 in die toekomende tyd. (1)

5.3 Skryf die vetgedrukte sinsdeel in paragraaf 1 in die bedrywende vorm. (1)

5.4 Gebruik die teenwoordige deelwoord/onvoltooide deelwoord van die onderstreepte woord in paragraaf 2 in 'n sin van jou eie. (1)

5.5 Skryf die voorwerpsin van die onderstreepte sin in paragraaf 3 neer. Gee ook 'n ander voorwerp wat in die plek van die voorwerpsin gebruik kan word. (2)

5.6 Haal die verbindingswoord wat in paragraaf 4 op oorsaak en gevolg dui, aan. (1)

5.7 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 4 in die indirekte rede. (1)

5.8 Vervang die dubbelpunt aan die einde van die onderstreepte sin (in paragraaf 4) met 'n gepaste woord. (1)

5.9 Verbeter die woordorde in die sin in paragraaf 5. Skryf die sin in die korrekte woordorde oor. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesstuk. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie, tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Hy verlig ander mense se lot. √ | 1 |
| 1.2 | Hy is (as student aan die UKZN, waar hy in medisyne studeer het,) verkleineer, terwyl hy moeite doen om mens op te hef./<br>Hy (en sy gesin) is huisvesting ontneem, terwyl hy vir mense behuising/beskutting/ veilige blyplek verskaf./<br>As student was hy ergerlik oor onregverdigheid, terwyl hy nou onvoorwaardelik dien ongeag die onreg wat plaasgevind het./<br>As student was hy wrewelrig teenoor regerings, terwyl hy nou regerings tydens oorloë/ontvoerings bystaan. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die saak vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.3 | Zorah/'n Spirituele onderwyser √<br><br>Ten spyte daarvan dat Sooliman en Zorah nie mekaar se taal verstaan nie/ Sooliman nie Turks verstaan en Zorah/die spirituele onderwyser nie Engels verstaan nie, deel hulle 'n geestelike taal./stig Sooliman 'n wêreldwye hulporganisasie./sien Zorah in Sooliman se siel dat hy iemand is wat mense wou help./verstaan Sooliman die opdrag om Gift of the Givers te stig./gehoorsaam Imtiaz Sooliman 'n vreemdeling se opdrag. √<br><br>*Die kandidaat moet na TWEE kante van die saak verwys.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.4 | 'n Gebrek aan deernis √<br>'n Gebrek aan goeie kwalifikasies √<br>Die onvermoë om onder druk te kan werk √<br>Die onvermoë om jou emosioneel van mense af te kan sluit/onpartydig te bly √<br><br>*Die kandidaat se antwoord moet fokus op "diskwalifiseer".*<br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 1.5 | (Hy gaan help by) 'n oorlog (in Sirië).<br>(Hy doen bemiddeling ná) ontvoerings (in Jemen).<br>(Hy help met die) waternood/droogte (in Mosambiek).<br>(Hy help tydens die) wegholbrande (aan die Tuinroete).<br>(Hy is ook betrokke by die) waternood (in die Kaap en Karoo). √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.6 | Baie ouers is nie positiewe rolmodelle van deernis vir hulle kinders nie./<br>Kinders kry dikwels die verkeerde voorbeeld, nl. om geen deernis te bewys nie./<br>Indien kinders nie deernis beleef nie, is die moontlikheid dat hulle deernis sal aanleer/bewys, min./<br>Dit is moeilik om die begrip *deernis* vir kinders te omskryf: hulle moet dit in aksie sién./<br>Kinders moet ervaar dat deernis nie by 'n gevoel ophou nie, maar dat dit ook optrede verg. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Ja<br>Sy pa het klante se skuld dikwels afgeskryf. √<br>(Met sy ma se werkverskaffingsburo) het sy werk aan mense verskaf./hulle deur werk bemagtig. √<br><br>*Die kandidaat kan nie "Nee" as 'n antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1<br>1 |
| 1.7 | Ja<br>Imtiaz Sooliman/die spanne dokters wat in krisissituasies werk, kry dit reg (en daarom is dit moontlik).<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>As 'n mens werklik deernis/empatie met mense het,/'n verskil wil maak, is dit onmoontlik om buite die situasie te staan./van die situasie te vergeet./nie emosioneel daaroor te raak nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.8 | Die waarheid (het haar gedryf./was 'n vereiste.) √<br><br>Sy was dikwels té emosioneel./té betrokke./het kontak met slagoffers behou. √<br>Sy kon soms die groter prentjie nie sien nie. √<br><br>*Die vraag moet in volgorde beantwoord word, tensy die eerste antwoord eksplisiet in 'n sin aangedui word.* | 1<br><br>2 |
| 1.9 | Die bankstate dien as bewys./kan nagevors word./daar is bewyse op skrif dat die R20-miljoenskenking in 2017 gemaak is. √ | 1 |
| 1.10 | Hulle leer by Sooliman die belangrike <u>verskil</u> wat deernis in die wêreld maak./ Dis waardevol om te sien dat deernis 'n <u>verskil</u> in ander mense se lewens maak./ belangrik is./'n mens ook iets moet dóén om 'n verskil te maak. √ | 1 |
| 1.11 | Ja<br>Die werkers kan nie binne 10 dae uitbrand nie (en eers as jy lánger as tien dae aanmekaar werk, bestaan die gevaar van uitbranding).<br>Die werkers/medici is opgelei/emosioneel sterk genoeg om die eise te hanteer.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die werksdag is reeds agttien uur lank wat nie (vir tien dae sonder gevolge) volgehou kan word nie./billik is nie.<br>Langdurige, emosionele eise/betrokkenheid by ander mense se nood is (emosioneel) dreinerend wat nie (vir tien dae aanmekaar) billik is nie.<br>Dit is nie billik nie, aangesien hulle rus nodig het. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.12 | Jy verwag dat mense wat in haglike omstandighede bly, nie vrede ervaar nie./hulle bekommer oor geld/besittings/aansien/die toekoms, maar hulle ervaar vrede./geniet die vreugde van elke dag./bekommer hulle nie.<br>Mense wat min het, is dikwels, anders as wat jy sal dink, tevrede met wat hulle het/hulle omstandighede, wat veroorsaak dat hulle gelukkiger is as mense wat na die hoogste sport in die lewe streef./hulle doodwerk./met ander kompeteer om ryk/gesiene te wees. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidate <u>moet beide kante van die ironie</u> in die antwoord aanbied.* | 1 |
| 1.13 | (Die groter letters/skuinsdruk/vetdruk) beklemtoon/plaas die fokus op die stryd./ euwel./mensehandel. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.14 | Ja<br>Die kind in die foto wek onmiddellik deernis by die leser, (want 'n mens kan empatie hê met kinders wat aan mensehandel onderwerp word)./<br>Die foto van die kind maak 'n appèl op mens se betrokkenheid/omgee/hulp aan mensehandelslagoffers./<br>Goedversorgde kinders loop 'n groter risiko om die slagoffer van mensehandel te wees. √<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die foto skep nie die idee van 'n kind wat afgeskeep word/aan mensehandeltrauma onderwerp is nie./die kind lyk goed versorg./gelukkig. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan./*<br>*Die kandidaat bied ook net "Ja" of "Nee" as antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.15 | "omgee en meelewing" √<br><br>*Die kandidaat bied DRIE opeenvolgende woorde vir EEN punt aan.*<br><br>Ja<br>Die herhaling van die hartsimbool spreek die leser se emosies/omgee/deernis aan.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die onderwerp/tema van die advertensie is van so 'n aard dat jy/die leser in elk geval aangespreek word. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 1.16 | Albei herenig die ontvoerdes met hul families./Gift of the Givers onderhandel om ontvoerdes weer met hul families herenig te kry, terwyl die VKSA hulle beywer om ontvoerde kinders by hulle huise te kry./vrygelaat te kry. √<br>Albei werk met omgee./deernis. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie net een woord as 'n antwoord aanbied nie.* | 2 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Nasien van die opsomming

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

- Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

  Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.

  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Bepaal eerstens wat jy met jou tyd doen om tydvermorsing uit te skakel. Beplan vervolgens elke dag sodat prioriteite eerste aandag kan kry. Kry ook iemand wat jou met werk kan help: delegeer. Jy kan ook twee take wat aan mekaar verwant is tegelykertyd afhandel. Gee jou daarna net 'n afgebakende hoeveelheid tyd vir elke taak. Bêre gerus jou selfoon as jy baie ekstra ure beskikbaar wil hê. Dit is sinvol om te eksperimenteer om sekere take vinniger klaar te maak.

**Getal woorde: 82**

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *... jy moet eers* ***bepaal wat jy tans met jou tyd doen*** *sodat jy weet waarmee jy jou tyd mors; dán eers kan jy dit voorkom.* | A | Voorkom tydvermorsing deur eerstens te bepaal hoe jy jou tyd bestee. |
| 2 | *Daarna* ***beplan jy jou dag****. "Ons het almal net 24 uur per dag; deur die regte beplanning van prioriteite-altyd-eerste kan jy die beste uit elke dag haal."* | B | Beplan/Organiseer elke dag/jou werk sodat prioriteite eerste aandag kry. |
| 3 | ***Delegeer van jou werk –*** *met die regte mense wat take namens jou doen, wen jy baie tyd.* | C | Kry iemand wat jou met werk kan help: delegeer dus. |
| 4 | *Dit is belangrik om die vloei van jou energie so te gebruik dat jy* ***take wat aan mekaar verwant is, tegelykertyd kan afhandel.*** | D | Doen twee take wat aan mekaar verwant is, tegelykertyd. |
| 5 | ***Baken die tyd wat jy aan 'n taak kan afstaan, af****.* | E | Gebruik net 'n afgebakende hoeveelheid tyd vir elke taak. |
| 6 | *En* ***bêre jou selfoon****! Navorsing toon dat een onderbreking van 'n twiet, sms of epos byna vyf-en-twintig minute van jou tyd steel.* | F | Bêre gerus jou selfoon as jy baie ekstra ure beskikbaar wil hê. |
| 7 | *Dis sinvol* ***om met planne te eksperimenteer sodat jy tyd wen****, byvoorbeeld deur die klere wat jy die volgende dag wil aantrek, die vorige aand reg te sit.* | G | Eksperimenteer gerus met planne om sekere take vinniger te voltooi./tyd wen. |
| | | | **Getal woorde: 74** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | salighede √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 3.2 | Hy/Sy wil jou oorreed om die sjokolade-eier te eet./te koop./bewus maak van die uitsonderlike kwaliteit van die sjokolade./lus maak vir die sjokolade-eier./laat jou voel jy gaan iets ontbeer as jy nie die sjokolade-eier eet nie. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.3 | Die sjokolade/ysblokkie <u>smelt</u> in my mond <u>weg</u>./<br>My hart <u>smelt</u> <u>weg</u> vir die vrou wat deur moeilike beproewings gegaan het. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4 | boonste √ | 1 |
| 3.5 | Dit beklemtoon/vestig die aandag op die sinsdeel wat volg, nl. dat Lindor-eiers (so) spesiaal is./dat 'n mens dit (vir ander mense) sal wil wegsteek. √<br><br>*Konteks is belangrik.*<br>*Die eerste deel (generies) moet in die tweede deel van die antwoord, binne konteks, op die teks van toepassing gemaak word.* | 1 |
| 3.6 | Die eierdop het 'n snaakse kleur./<br>Was asseblief die eierpan./<br>Die eiersel kan nie bevrug word nie./<br>Die eierresepteboek lê op die kombuistafel./<br>Die eierplant se vrug staan as ’n brinjal bekend. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*'n Samestelling bestaan uit minstens twee basisse.* | 1 |
| 3.7 | Smulpaap/lekkerbek/gulsbek √ | 1 |
| 3.8 | só sag √<br>té spesiaal √<br><br>*Indien die kandidaat meer as twee opeenvolgende woorde in die antwoord aanbied, moet dié korrekte twee woorde onderstreep of uitgehef word.* | 1<br>1 |
| 3.9 | Vir jóú om <u>vandag</u> te geniet. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke bywoordelike bepaling van tyd aan.*<br>*Die bepaling kan uit meer as een woord bestaan, solank dit nie 'n gesegde bevat nie.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | mens √ | 1 |
| 4.2 | Hy hou sy kop vas./kyk af na die grond./druk sy ore toe. √ | 1 |
| 4.3 | leuens √ | 1 |
| 4.4 | twitter √ | 1 |
| 4.5 | Dit is 'n stelling wat (aanneem dat dit) vir alle mense geld./<br>Die aanname is dat alle mense net 'n sensasionele opskrif lees wat nie waar is nie./Daar is geen bewyse vir die aanname nie.<br>Die kind veralgemeen (dat) die stelling (vir alle mense geld). √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Die visuele voorstelling dui 'n lang berig/artikel aan wat aansluit by die aanname dat mense eerder net die opskrif lees./afleidings maak na aanleiding van slegs die opskrif./titel./nie daarvan hou om lang artikels/skryfstukke te lees nie./<br>Die visuele voorstelling sluit by die aanname aan dat die seun inderhaas (verwys na strepies) slegs opskrif gelees het./<br>Die visuele voorstelling bewys die aanname verkeerd, want dit bewys dat die seun alles gelees het. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet na beide aspekte, nl. die visuele voorstelling asook die aanname verwys, of dit impliseer.* | 1<br><br>1 |
| 4.6 | Die regter veroordeel die man wat sy vrou vermoor het./<br>Die misdadiger is tot drie jaar gevangenisstraf veroordeel./<br>Die media veroordeel onwettige ontgroeningspraktyke wat in skole posvat./ Wraak word deur die samelewing veroordeel en daarom verwerp. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met "veroordeel" aan.*<br>*'n Neutrale sin sonder konnotasie verdien geen punt nie. Konnotasie: veroordeling/ verwerping/kritiseer, byvoorbeeld: Ek veroordeel jou. x Ek veroordeel jou optrede./Moenie ander mense veroordeel nie. √* | 1 |
| 4.7 | stokou/stokoue/horingou/horingoue/oerou/oeroue √<br><br>*Die kandidaat kan nie **stokoud** as antwoord aanbied nie. Die antwoord moet as een woord geskryf word.* | 1 |
| 4.8 | Kon dit tog 'n grap wees!/<br>Mag dit 'n grap wees!/<br>Mag dit dalk 'n grap wees!/<br>Laat dit tog 'n grap wees! √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin vir EEN punt aan wat op wenslikheid, moontlikheid of waarskynlikheid dui.*<br>*Die antwoord kan met of sonder die uitroepteken aangebied word*. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.9 | Die as van die kaggel is vuurwarm./<br>Die as van die motor hou die wiele in plek./<br>'n Gedenkmuur is opgerig om die as van gestorwenes te bewaar./ Hy het die teenstander se hand in die as geslaan./<br>Engeland het die As van Australië teruggewen. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met die homoniem van "as" aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | span √ | 1 |
| 5.2 | Die tronkbestuur sal 'n formule moet vind om te bepaal hoeveel selle oor vyftien jaar in die tronk nodig sal/gaan wees. √ | 1 |
| 5.3 | Die tronkbestuurder/Hulle het op 'n eenvoudige formule besluit: √<br><br>*Moenie kandidate penaliseer wat die sin met 'n punt eindig nie.* | 1 |
| 5.4 | Die lesende publiek is geletterd./<br>Die lesende publiek beland nie in die tronk nie./<br>Die kinders wat lesend is, se algemene kennis is beter as dié wat nie lees nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met "lesende"/"lesend" aan.* | 1 |
| 5.5 | ... dat ons daagliks e-posse moet stuur. √<br><br>dit./stiptelikheid./daaglikse stiptelikheid./die versending van ... √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke voorwerp vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat mag ook 'n bepaling saam met die voorwerp in die antwoord aanbied.* | 1<br><br>1 |
| 5.6 | daarom √ | 1 |
| 5.7 | Gaiman/Sy/Hy het gesê (dat) biblioteke wat daardie dag toemaak, dieselfde effek op 'n land het as om inentingsprogramme te staak./<br>Gaiman/Sy/Hy het gesê (dat) biblioteke wat daardie tyd toemaak, dieselfde effek op 'n land het as om inentingsprogramme te staak. √<br><br>*Die woordorde moet korrek aangebied word.* | 1 |
| 5.8 | naamlik √ | 1 |
| 5.9 | Dit is <u>deesdae</u> belangrik om goeie leesgewoontes by kinders te kweek omdat dit die belangrikste belegging in hul toekoms is!/<br><u>Deesdae</u> is dit belangrik om goeie leesgewoontes by kinders te kweek omdat dit die belangrikste belegging in hul toekoms is! √ | 1 |
| | | **[10]** |
| | **AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou